In accordance with International Copyright laws, materials supplied by ROi Africa (www.roiafrica.com)
may only be used for internal review, analysis or research purposes and may not be reproduced or sold in any format.

'Maak ongebruikte mynskagte toe'

Ongebruikte mynskagte aan die Oos-Rand moet toegemaak word sodat die grond waar moontlik vir behuising gerehabiliteer kan word.

So het Mzwandile Masina, uitvoerende burgemeester van die Ekurhuleni-metro, verlede week op die Manufacturing Indaba by Emperors Palace in Kempton Park gesê.

Toenemende onwettige mynboubedrywighede was een van die kwessies wat Masina aangeroer het.

"Onwettige mynbou het nie net 'n maatskaplike gevaar geword nie, maar dit belemmer ook die stad se vermoë om behuising doeltreffend te hanteer.

"Ons bly in gesprek met die adjunkminister van minerale bronne om onwettige myners op die beste manier moontlik te help. Die dringende faktor is egter om 'n doeltreffende manier te vind om skagte dringend te sluit en waar moontlik, grond wat vir ontwikkelingsdoeleindes gebruik kan word, te rehabiliteer," het Masina gesê.

Onwettige mynbou word gekenmerk deur wedywering onder mynboubendes.

Vroeër vanjaar is 14 lyke van onwettige mynwerkers aan die Oos-Rand gevind en die vermoede was dat hulle deur ander mynboubendes vermoor is.

Date: 05/07/2017 Title: Beeld - Metro
Page No: 5 SQ CM's: 91 Circulation: 59544